Woensdag **20 November**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-8**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:8 (AFR83)**

**Genade, onbeskryflik groot!**

Die skrywer Phillip Yancey het ’n boek geskryf met die naam: “What is so amazing about grace?” Natuurlik verwys die titel na die lied wat ons vandag ken as “Genade, onbeskryflik groot”. Wanneer ons as Christene oor ons geloof getuig, is die woordjie genade seker een van die woorde wat ons by die dieptepunt bring van Wie ons Here is.

Sonde dra gevolge, maar die Here se goeie tyding (vs 2) beteken dat die gewig van hulle sonde ver oortref word deur die genade van ons Here. ’n Skaap wat deel van die kudde is en die kudde dan verlaat, sal die gevolge dra. Maar as die skaap die pad verlaat, dan belowe die Here ook weer dat Hy in sy groot liefde en genade hulle sal versorg. Ons hoor in vers 11 (AFR33) dat die Here hulle saggies sal lei. In ons Here Jesus Christus het hierdie leiding waar begin word.

En daarom sê ons Nagmaalsformulier so mooi: “As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel nie of in die sondes bly lê nie.” Hierdie wêreld kan wreed wees en medegelowiges kan ook soms op harde maniere met ons werk. Maar ons Herder lei ons saggies en dra ons teen sy bors. Hy verseker ons, deur sy uitgestrekte arms aan die kruis, van sy liefde en genade vir ’n sondige wêreld.

En daarom, as ons na hierdie sondige wêreld kyk, dan sien ons die gras wat verdor en die blomme wat verwelk. Mense is soos gras (vs 6). Maar die Here se goedheid, genade en Woord is ewig. Deur ons Here Jesus se opstanding kry ons deel aan ’n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:4).

*Sing: Liedboek 510:1, 2, 3, 4*

*Ds. W (Werner) van den Heever (Gobabis, Namibië)*